

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING  
KENNISGEWING 872 VAN 2016**

**PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WETSONTWERP  
OP TRADISIONELE HOWE, 2016**

Kragtens Reël 276(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wetsontwerp op Tradisionele Howe, 2016, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

Die Wetsontwerp maak voorsiening vir 'n eenvormige statutêre raamwerk vir die struktuur en funksionering van tradisionele howe, ooreenkomstig grondwettlike verpligtinge en waardes.

'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Departement en Parlementêre Moniteringsgroep by <http://www.justice.gov.za> en <http://www.pmg.org.za> gevind word en kan, na indiening, ook verkry word van: Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoon nommer: 012 – 465 7531).